

KINDERKERK LES: Diere, nommers en kinders van die Bybel

Doel van les:

Ons hou 'n funaand met interaktiewe speletjies om kinders bekend te stel aan diere, nommers en kinders in die Bybel.

1. Diere van die Bybel

Ysbreker: Laat die kinders plastiek diere uit 'n sakkie trek, en by hulle hou totdat almal 'n dier getrek het. Hulle mag vir niemand vertel watter diere hulle getrek het nie. Op die telling van drie, moet hulle heeltyd die geluid van die dier maak om die ander van hulle soort te kry.

Daar word heelwat van diere gepraat in die Bybel. Wie kan vir my van 'n dier vertel wat julle al in die Bybel raakgelees het? Ons gaan nou 'n speletjie speel en soos ons speel gaan ek julle vertel van 'n paar diere in die Bybel.

Aktiwiteit: Deel groep op, seuns aan die een kant, en meisies aan die ander kant. Kry 'n blou en 'n pienk lap wat jy gaan ophou. Noem die eerste dier op lys van "Diere van die Bybel". Hou die blou lap op - al die seuns moet die geluid maak wat die dier maak. Hou dan die pienk lap op - al die meisies moet die geluid maak wat die dier maak. Wanneer jy geen lap ophou nie, moet almal stilbly en luister wat die Bybel sê oor hierdie dier. Kyk wie kan die geluid die hardste maak - meisies of seuns. (aangeheg)

2. Nommers in die Bybel

Ysbreker: Laat die kinders volgens hul kleingroepies in rye staan. Neem 'n pak kaarte en deel dit op volgens kleure en soorte en pak dit dat die A nommer 1 verteenwoordig en bo is en die koningin heel onder is en 12 verteenwoordig. Die eerste kind van elke groep, hardloop na die leier wat by die oorkantste muur staan. Die kind verrig die takie op die lys wat die leier by hulle het, en bring dan die kaart terug na die groep. Die volgende kind hardloop vir nommer 2, en so gaan dit aan totdat hulle al die kaarte het. Die kinders gaan sit en ons gesels oor die nommers van die Bybel. Noem nommers en kyk wie weet dalk iets oor die nommer. Vertel dan van nommers in die Bybel. (aangeheg)

Ysbreker: Take:

1. Draai een maal in die rondte;
2. Klap twee maal hande;
3. Hop drie maal op een been;
4. Doen vier push ups;
5. Tel terug van vyf tot by een;

6. Gee ses hoppe tot terug by jou groep;
7. Maak asof jy springtou spring vir sewe tellings;
8. Flap ag maal jou arms soos 'n hoender;
9. Balanseer op een been vir nege tellings;
10. Raak tien maal jou tone;
11. Hardloop vir elf tellings op een plek;
12. Staar vir twaalf tellings stil met jou vinger op jou neus

3. Kinders van die Bybel

Ysbreker:

Ons gaan die 'musical chairs' idee vir hierdie ysbreker gebruik, maar i.p.v. rondom stoele hardloop, stuur julle 'n boksie met vrae in die rondte. Elke keer as die musiek stop, moet die persoon wat die boksie vashou 'n vraag uit die boks haal en 'n vraag beantwoord. Leiers moet asb vrae lees vir kinders wat nog nie lekker kan lees nie.

Ysbreker Vrae:

1. Hoeveel broers en susters het jy?
2. Wat is jou gunsteling kos?
3. Wat is jou gunsteling kleur?
4. Hoe oud is jy?
5. Watter soort werk doen jou mamma/pappa?
6. Wat maak jou gelukkig?
7. Watter kos hou jy nie van nie?
8. Wat is jou gunsteling dier?

Aktiwiteit: Gee vir elke groep 'n "Kinders van die Bybel" uitdeelstuk. Hulle moet nou die naam van die kind pas by die feit. Gaan deur antwoorde wanneer almal klaar is.

Groepe sluit af met gebed.

Kinders van die Bybel

Isak	Die persoon wat ek my pa noem, is nie my regte pa nie
Jesus	Ek het 'n tweeling broer gehad
Samuel	My ma was die oudste vrou wat ooit 'n baba gehad het
Moses	Ek was die slimste koning in die Bybel
Jakob	Engel het my ouers vertel dat ek nie my hare mag sny nie
Salomo	My ma het my vir 3 maande na ek gebore is weggesteek
Simson	My mamma het baie hard gebid om my te hê
Ester	Ek het my boetie opgepas in die mandjie in die rivier
Dawid	Ek was so mooi dat ek 'n skoonheidskompetisie gewen het
Daniël	Ek was Adam en Eva se seun
Miriam	Ek het nie die koning se kos geëet nie
Abel	Ek het 'n reus doodgemaak

